

# wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

"Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf." : Deuteronomium 8:18




# DIE 2024 GRAANSEISOEN

Die 2024 graanjaar het met gunstige plant-toestande tussen April en Mei 2024 afgeskop, met 'n goeie opkoms van gesaaides vir dié periode.


Gedurende Junie 2024 het SSK se bedieningsgebied hoë reënval ervaar en teen einde Augustus 2024 is 'n tydperk van vogstremming en lae temperature ervaar, met rypskade wat op van die gewasse voorgekom het. Die effek wat die lae temperature en rypskade op hierdie gewasse gehad het, kon op die opbrengs en die kwaliteit van veral koring en moutgars, gesien word.

Oestyd het later as gewoonlik begin en is op tye vertraag met reën wat verdere kwaliteitsprobleme op graan wat platgesny was, veroorsaak het. Die aanvanklike skatting in die SSK bedieningsgebied was ongeveer 480 000 ton, maar die skatting is afwaarts aangepas na 450 000 ton namate die inname gevorder het en daar meer duidelikheid rondom die werklike opbrengs was.

Teen einde Desember 2024 het SSK 446,000 ton graan teenoor 429,000 ton vir die ooreenstemmende tydperk van 2023 ontvang.



Meeste van SSK se vaste silo-kapasiteite was oorbenut en die toevoeging van silosak-depots het SSK in staat gestel om die groter oes te kon akkommodeer.




Die oormaat reën voor én gedurende oestyd, het sy tol op die kwaliteit van moutgars en koring geëis waar moutgars oor die algemeen 'n laer stikstof band gerealiseer het en koring weer 'n laer proteïen band. Op moutgars was stikstof se laagtepunt 1.02% TN en die hoogtepunt 2.37% TN. Koring se laagtepunt op proteïne was 5.8% en sy hoogtepunt 14.7%. Behalwe vir die lae stikstof op moutgars, was die aantal vetkorrels oor die algemeen laer. By koring was daar ook 'n laer hektoliter massa teenoor die 2023/24 oesjaarleverings.

Ten spye van die laer stikstof op gars en laer proteïne op koring, kon SSK tydens inname die aantal voer-lewering


tot die minimum beperk. Moutgars opbrengste vir die 2024/25 oesjaar was gemiddeld tot bo-gemiddeld.

Moutgars Graad Samestelling %



GAB - Gebars (Konsessie), GAL - Lae stikstof, GAK - Kunsmatig gedroog, GAH - Hoë stikstof, GAA – Uitgeloop (Konsessie)

Koring Graad Samestelling %



KFG en AKK – Lae proteïne

Koring opbrengste vir die 2024/25 oesjaar was laer tot gemiddeld. Canola oor die algemeen het goeie resultate getoon met bo-gemiddelde opbrengste. Hawer daarenteen het 'n baie laer opbrengs getoon as dié van die geskatte levering. Dit is duidelik dat koue en rypskade die opbrengste van hawer negatief beïnvloed het.

Inname by SSK se silo-fasiliteite het glad verloop en die toevoeging van 'n staan area vir vrugmotors op Swellendam, het daar toe bygedra dat veral Swellendam silo, groot volumes graan vinnig kon inneem.

SSK is alreeds besig met die voorbereidings van die 2025/2026 oes-inname en daar word vanjaar wesenlik kapitaal geïnvesteer in SSK silo fasilitete. Die doel is om meer waarde tot die diens wat ons aan ons produsente lewer, toe te voeg.

Ons wens al ons produsente 'n goeie 2025 oesjaar toe.

- Henry Gale  
Senior Bestuurder: Graan



# ADRIAAN STEYN VAN WANKIE BOERDERY



V.l.n.r: Adriaan, Christiaan, Drian, Letetia en Deniel Steyn.

"Die beste kunsmis op 'n plaas, is die voetspoor van die baas". Só lees die woorde wat in 'n blou fotoraan op SSK-direksie-lid, Adriaan Steyn, se lessenaar staan. Dié gedig is deur Adriaan se oupa, Attie Steyn, geskryf en word al oor die afgelope 2 generasies aan mekaar oorgedra. Hy noem dat hierdie woorde die inspirasie en motivering agter sy boerdery is en dat hy dieselfde beginsel ook in sy persoonlike lewe toepas. Met my aankoms op die Steyns se plaas, Wankie, word ek deur Adriaan en sy vrou Letetia, gegroet. Eers word daar koffie gemaak en lekker gesels oor die nuwe jaar en sy dinge. Die plaas wat tussen Swellendam en Heidelberg geleë is, skep die ideale prentjie van rustigheid en jy kan dit dadelik aanvoel sodra jy by die plaashok deurry.

Ek vra hom uit oor hoe dit met die boerdery gaan en Adriaan noem dat die sukses van die familiebesigheid nie alleenlik aan hom te danke is nie en dat erkenning ook aan sy voorouers vir hulle harde werk, gegee moet word. Adriaan se persoonlikheid spreek dié van nederigheid en 'n mens kan die trots hoor wanneer hy van sy familie vertel.

Die Steyns se geskiedenis met Wankie strek sover as 1921 terug toe Adriaan se oupa- en oumagrootjie, Dirk en Dirkie Steyn, as deelsaaiers op Diptka gewerk het. Dit was juis ook sy oupagrootjie wat in 1931 een van die eerste boere was wat lidmaatskap van die Swellendam Boere Kooperatiewe Vereniging (vandag SSK) verkry het en wat Adriaan as die grondlegger van die familieboerdery beskou. Met die hulp van sy oupagrootjie en die destydse burge-meester Mike Reid, koop Adriaan se oupa hul eerste familieplaas, Hartebeesrivier. Sy ouma was toe werksaam by die administratiewe-afdeling van Tuinroete Koöperatief en sy oupa het altyd gespog dat hy al sy goed, sowel as sy vrou, by die koöperasie gekry het. Op sy beurt het Adriaan se oupa weer sy pa gehelp om verdere plaastoevoegings, insluitend Wankie, tot die familiebesigheid te maak.

Dit was Adriaan se ouers, Dirkie en Rachel, wat die familieboerdery na die volgendevlak toe geneem het. Hulle het die plase Rietkuil en Brakfontein bekom. Saam het hulle 4 kinders grootgemaak. Adriaan se ma het vir jare die boeke van die plaas met pynlike perfeksionisme en korrektheid gedoen. Wankie Boerdery se sukses is dus grootliks te danke aan elke geslag wat hul deel gedoen het. 'n Mens kan net hoop dat dit in die toekoms so sal bly.

Nadat hy sy B.Agric. Admin studies aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi het, keer Adriaan in 2001 terug plaas toe en begin hy saam met sy pa boer. Hy vertel as gevolg van 2 agtereenvolgende droë graanjare, het graanboere die finansiële druk begin voel. In dieselfde jaar het hy en sy pa slegs 500kg koring en 600kg gars per hektaar geoest, en selfs met hul skaapboerdery wat hulle finansiële deur gehelp het, het die min saai en baie vee, vir baie oorlaatskuld by SSK gesorg. SSK het hulp verleen en die oorlaatskuld herfinansier oor 'n periode van 3 jaar. Dit het baie boere gered, insluitend die Steyns. Hy noem dat dit juis dié rede is vir sy lojaliteit teenoor SSK.

Oor die jare het die boerdery gegroeи en vandaag boer hy net met kontantgewasse wat koring, canola en 'n bietjie gars insluit. Die 2024 graanjaar was 'n bogemiddelde jaar wat goeie opbrengse gelewer het. Adriaan noem dat saaiboerdery in die Suid-Kaap altyd 'n risiko bly en veral met die ongenaakbare droogte in 2001, het hy en sy pa 'n besluit geneem om die wyse waarop daar geboer was, te verander. Hulle het hul bure, Jack en Kobus Human, se denke van vogbewaring en bewaringsboerdery begin toepas. Die implementering was 'n keerpunt vir die boerdery.



Beste Raad  
Daar is vandaag vir elke ding 'n raat. Vir ieder saak is daar 'n maat.  
Maar wat ek eintlik graag wil sê, is die raat wat elke boer moet hê. Die beste kunsmis op 'n plaas, is die voetspoor van die baas.

Vir familie moet daar natuurlik ook tyd gemaak word. Wanneer daar nie geboer word nie, word daar gejag en tyd saam met die kinders spandeer. Adriaan en Letetia het 3 seuns Drian, Deniel en Christiaan. Drian is 'n 3de jaar student op Potchefstroom en die twee jongstes, 'n tweeling, het vanjaar op Oakdale Landbouskool begin. Veldbraai is een van hulle gunsteling aktiwiteite as 'n familie saam en vakansies word daar lekker by hul strandhuis op Jongensfontein gekuier.

Adriaan is in 2008 as SSK-direksielid verkiest en dien ook op die besigheid se Dagbestuur, Vergoedingskomitee sowel as op die Oudit- en Risikokomitee. Verder verteenwoordig hy ook SOILL waar hy as direksielid dien. "Om direkteur van SSK te wees, is vir my 'n groot voorreg. Dit bring my gereeld in aanraking met mense se denke wat meer weet as wat ek ooit kon dink", noem hy.

Soos met enige kuier, is daar 'n "welkom" en 'n "totsiens". Ons staan op hul voorstoep om te groet en hy noem, "om 'n boer te wees is een van die mees sielsbevredigende werke waaraan ek kan dink. Ons is almal rentmeesters vir 'n kort tydjie op aarde en die grond wat aan jou toevertrou is, moet jy mooi vir die volgende geslag oppas. Wat 'n voorreg."

En net daar weet ek dat hierdie woorde 'n spesiale plek gevind het... op my lessenaar in 'n blou fotoraan!

- Astrid Fisher  
Bemarking en Kommunikasie Spesialis

# ADELENE VAN ZYL

Kommoditeit Spesialis: SSK Graan

## FOKUS OP: SSK WERKNEMERS

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Die eerste ding wat ek van myself kan vertel, is dat ek nie staande sou bly sonder die Here nie. Hy is my bron van krag, die oorsprong van my vreugde, en die lewe binne my. As ek daarom myself moet beskryf, sou ek dus sê dat ek baie gesels en lekker kan lag. Ek het selfs die naam Dezi, kort vir Decibel, by my mede-kollegas gekry omdat ek so hard kan praat en lag.

Ek het in Van Riebeeck Park (Kempton Park) grootgeword en aan Hoërskool Jeugland matrikuleer. Daarna het ek B.Sc. Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van Pretoria studeer. Die eerste drie jaar van my loopbaan was ek in Pretoria werkzaam, vervolgens ek na die land van melk en heuning (Swellendam) verhuis het. My ouers woon tans in Pretoria terwyl my suster, swaer en hul twee kinders, klein Arya en Elrich, in Johannesburg woon. Ek is natuurlik 'n baie trots tannie!

### WAT DOEN JULLÉ GRAAG SAAM?

Ons geniet dit om te kamp, verkieslik op afgesonderde plekke waar daar min mense en geen sein is nie. Ek hou ook daarvan om saam met my pa te jag en sê altyd "ja" vir 'n lekker staproete in die berge.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

My loopbaan staan nog in sy kinderskoene. In 2020 het ek my finale jaar in BSc Landbou-Ekonomie voltooi en sedertdien het ek waardevolle blootstelling by verskeie maatskappye opgedoen. Ek het ervaring in graanbemarking, produksiefinansiering, en stelselontwikkeling opgedoen en het ook rolle as projekkoördineerdeer en



V.l.n.r.: Annika (suster), Anja (ma), Adelene en Bertus (pa).

junior graanhandelaar vervul. In Junie 2023 het ek as Kommoditeit Spesialis by SSK begin waar ek die bemarking van ons Graan-afdeling behartig. Ek het vinnig besef dat SSK groot geleenthede vir groei en ontwikkeling bied, en dat ek deel van 'n waardevolle span is met 'n onmisbare verantwoordelikheid – iets wat my inspireer om elke dag my beste te gee.

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

Ek dink om twee oestye in die Suid-Kaap te oorleef is verseker 'n prestasie. Arthur Ashe het gesê: "Begin waar jy is, gebruik wat jy het, en doen wat jy kan." Ek glo as jy met beperkte tyd en die hulpbronne wat jy tot jou beskikking het, jou beste gedoen het, dat jy suksesvol was. Daarby gesê, ek beskou my werk by SSK tot dusver as my grootste loopbaanprestasie en ek sien uit na die vele suksesverhale wat nog vir SSK graanbemarking voorlê.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Oor vyf jaar wil ek terugkyk na 'n SSK waar die graanbemarkingsafdeling suksesvol ontwikkel is in 'n stabiele, betroubare en deursigtige bron van ondersteuning vir al ons produsente. My doel is om die besluitnemingsproses van graanbemarking vir ons produsente te optimaliseer. Ek hoop om te sien dat ons intyds met tegnologie saam gegroei het en goed voorbereid was om uitdagings met selfvertroue en kundigheid aan te gepak het.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

Moenie dink dat jy wys is in jou eie oë nie, maar vrees die Here en wyk af van die kwaad.—Spreuke 3:7

## REËNVAL IN STREEKE

STREEK	NOV 2024	DES 2024	JAN 2025
Aberdeen	29	0	58
Albertinia	68	17	25
Ashton	42	0	8
Avontuur	89	5	13
George	76	7	111
Heidelberg	55	4	13
Herold	59	0	5
Joubertina	28	0	16
Karringmelks	38	3	30
Knysna	9	78	65
Krakeel	28	0	16
Krombeksrivier	43	4	31
Misgund	111	15	32
Mosselbaai	15	0	92
Protem	33	5	13
Plettenbergbaai	91	19	86
Riversdal	41	10	28
Swellendam	43	12	39
Uniondale	40	0	9

Gellewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedaan is.

Die  
**JONGBOERFORUM**  
is weer terug!


Wees deel van die gesprek

Vir meer inligting kontak:

Epos: sebastian.cloete@ssk.co.za

Tel: 0285148620

# OESNUUS UIT ONS STREEK



Bussell Retief van Van Loveren, Robertson, is tans in die middel van die pars-seisoen. "Ons het ongelooflike gesonde weerstoestande gehad wat vir baie gesonde wingerde en goeie kwaliteit druwe gesorg het. Produsente verlang egter rekordoeste na die klein oeste van die vorige 2 jare en die verwagting was dat hierdie jaar 'n groot jaar gaan wees. Ongelukkig het dit nie realiseer nie weens die uiterse koue dae einde Augustus, wat rypskade kon meebring", vertel Bussell. Die genoegsame water in die streek se hoofopgaarddam, Brandvleidam, sorg egter vir dankbaarheid. Die kwaliteit van druwe is die beste in jare en die feit dat daar 'n afname in beurtkrag is, is dit weer 'n plesier omwyn te maak.

Jacques Theron van die plaas, Helderstroom, omgewing Barrydale, deel dat dit 'n baie goeie perske- en peeroes vir produsente was. Die oes het vir kwaliteit vrugte, goeie volumes en voldoende watervoorsiening gesorg.

SSK SAADPRYSE 2025

	SAK-GROOTTE	PRYS PER SAK	PRYS PER KG
KOROG/ROG			
US 2019	25 kg	R 304.25	12.17
AG BEACON	25 kg	R 365.00	14.60
AG BENTLEY	25 kg	R 375.00	15.00
AG MARCELL	25 kg	R 375.00	15.00
AFG R1	25 kg	R 525.00	21.00
NCD GRAZER	25 kg	R 590.00	23.60
DUIKERMAX	25 kg	R 425.00	17.00
POWERGREEN	25 kg	R 525.00	21.00
ECHO	25 kg	R 570.00	22.80
LUPIENIE			
DIAMOND	20 kg	R 11 350.00	567.50
QUARTS	20 kg	R 10 900.00	545.00
HYOLA 91117	20 kg	R 11 990.00	599.50
HYOLA 90013	20 kg	R 11 990.00	599.50
HYOLA 90014	20 kg	R 11 990.00	599.50
44Y94	20 kg	R 13 706.44	685.32
45Y95	20 kg	R 14 135.01	706.75
PY327C	20 kg	R 14 910.52	745.53
EQUINOX CL	20 kg	R 11 990.00	599.50
SOLSTICE CL	20 kg	R 11 990.00	599.50
CONTINUUM CL	20 kg	R 11 990.00	599.50
CERES CL	20 kg	R 13 500.00	675.00
BLAZER TT	20 kg	R 11 799.00	589.95
PY429T	20 kg	R 13 318.68	665.93
VELOCITY	20 kg	R 13 450.00	672.50
ASTRA TT	20 kg	R 13 450.00	672.50
ALPHA TT	20 kg	R 12 950.00	647.50
HYTECH TROPHY	20 kg	R 13 450.00	672.50
HYTECH TRIFECTA	20 kg	R 13 450.00	672.50
DEFENDER CT	20 kg	R 11 990.00	599.50
ENFORCER CT	20 kg	R 11 990.00	599.50
PY520TC	20 kg	R 14 951.34	747.57
GARS			
VOERERTE			
ASTRONAUTE	25 kg	R 1 000.00	40.00
AVRIKA	25 kg	R 472.25	18.89
AVATAR	25 kg	R 800.00	32.00
GAMBIT	25 kg	R 388.75	15.55
ESO	25 kg	R 800.00	32.00
WIEKE			

Let We! Alle prysie sluit BTW uit.					
	SAK-GROOTTE		PRYS PER SAK		PRYS PER KG
<b>KORING</b>	SST 056	50 kg	R 580.00		11.60
	SST 0117	50 kg	R 580.00		11.60
	SST 0147	50 kg	R 580.00		11.60
	SST 0166	50 kg	R 580.00		11.60
	SST 0187	50 kg	R 580.00		11.60
	SST 0208	50 kg	R 580.00		11.60
	LG ANCIA	50 kg	R 630.00		12.60
<b>LUPIENE</b>	LG AFFICION	50 kg	R 630.00		12.60
	IS TORDO	50 kg	R 1 190.00		23.80
	MANDELUP	25 kg	R 362.50		14.50
	SSL 10	25 kg	R 362.50		14.50
	LILAB	25 kg	R 475.00		19.00
	COYOTE	25 kg	R 625.00		25.00
	AZURO	25 kg	R 306.00		12.24
<b>HAWER</b>	TANJIL	25 kg	R 550.00		22.00
	PALLINUP	25 kg	R 400.00		16.00
	DUNNART	25 kg	R 400.00		16.00
	SSH 4185	50 kg	R 590.00		11.80
	SSH 491	50 kg	R 590.00		11.80
	SAIA	25 kg	R 533.25		21.33
	HORSEPOWER	50 kg	R 1 140.00		22.80
<b>GARS</b>	SADDLE	25 kg	R 570.00		22.80
	WIZARD	25 kg	R 500.00		20.00
	RUSHMORE	25 kg	R 590.00		23.60
	MACNIFICO	25 kg	R 587.50		23.50
	SKG 9	50 kg	R 830.00		16.60
	BARFORCE	25 kg	R 294.50		11.78
	KADIE	50 kg	R 585.00		11.70
<b>WIEKE</b>	MALGAS	50 kg	R 585.00		11.70
	13-039-06	50 kg	R 585.00		11.70
	13-041-03	50 kg	R 585.00		11.70
<b>WIEKE</b>	WIEKE NAMOI	25 kg	R 1 550.00		62.00
	WIEKE HAYMAKER	25 kg	R 1 449.75		57.99
	WIEKE TIMOK	25 kg	R 1 237.50		49.50

*Let Weit: Alie pryse sjuut BTW uit.*

Saadpryse is 'n onlosmaakbare aspek van die produsent se insetkoste in die landboubedryf. SSK se voortdurende missie is om hierdie pryne jaarliks so laag as moontlik te hou. Hierdie initiatief dien nie alleen die belang van ons lede nie, maar dra ook by tot die algemene volhoubaarheid van die landboubedryf.

Ons bied dus steeds wêreldklas gehalte teen die laagste pryne aan ons kliënte.

**Enige saad-verwante  
navrae kan gerig word aan:**  
Gerdus Steyn,  
Saad; Seniorbestuurder  
Sel: 082 521 4515 /  
E-pos: [gerdus.steyn@ssk.co.za](mailto:gerdus.steyn@ssk.co.za)



**SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (SEB) /  
BROAD BASED BLACK ECONOMIC  
EMPOWERMENT (BBBEE)**



SSK se nuuste SEB telkaart is in November 2024 uitgereik en 'n erkenningsvlak van 7 is behaal ingevolge die Agri- Sektorkode. Gegewe SSK se koöperatiewe formaat word unieke uitdagings ervaar, veral ten opsigte van elemente soos eienaarskap. Daar is reeds wesenslike vordering gemaak ten opsigte van SSK se voldoening aan hierdie beginsels, maar nuwe wetgewing stel baie hoë eise waaraan voldoen moet word. SSK bly toegewyd daartoe om 'n daadwerklike verskil te maak in die gemeenskappe waar ons sake bedryf.

Kindly support us in our objective to improve on the SSK BBBEE compliance level. Please let us know if you are aware of any potential members that can contribute to the achievement of this objective.

Contact Andre Joubert at 028 514 8642 /  
andre.joubert@ssk.co.za  
or Koos van Zyl at 028 514 8703 /  
koos.vanzyl@ssk.co.za in this regard.

# PALS SE WEN-WEN-RESEP

Die driepootpot is onlosmaaklik deel van ons wonderlike land. Van poetoepap tot potjiekos – dié pot is 'n wenner wyd en syd by alkant van ons mense.

Die geheim van enige driepootpot lê in die drie pote. Met drie pote kan die oppervlak maar ongelyk wees, daar pot staan stewig. Met twee pote neig die pot om te kantel en met vier, is die pot wankelrig.

Daar is 'n sterk vergelyking tussen dié potjie en PALS. PALS is die akroniem vir "Partners in Agri Land Solutions", 'n privaatsektor-inisiatief wat grondhervorming positief en suksesvol laat gebeur. Net soos met die potjie, word PALS se beginsels ook op drie pilare gebou. Die inisiatief fokus daarop dat daar na gevestigde kommersiële boere, die opkomende boere (of trust) en die boerderymaatskappy, gekyk word. Met PALS as die ondersteuningsplatform, werk die boer met sy eie landbougrond, die opkomende boer wat dalk grond by die staat ontvang het of die gevestigde boer wat 'n gedeelte van sy grond aan die opkomende boer afgebaken het, saam. Hoe ook al, die grond vorm nie deel van die driehoek nie - jou plaas bly jou plaas. Die boerderymaatskappy se meerderheidsaandeelraak egter die eiendom van die opkomende boer.

PALS vereis dat die opkomende boer en kommersiële boer beide 'n bydra tot die vennootskap lewer. Geesamentlik word arbeid, kennis, toerusting, mentorskap, tyd om mekaar te leer ken en te verstaan, met mekaar gedeel. Hiermee help PALS as onafhanklike derde party totdat die opkomende boer 'n gevestigde kommersiële boer word. Tot op hede is daar al meer as 50 suksesverhale deur die PALS program geloods. Wat baie inspirerend is, is die feit dat wanneer boere deel van PALS raak, hulle vennote bly.

## Die droom van 'n grondhervormingspionier

Schalk Viljoen wou nog altyd boer. Nes sy pa, wat nooit sy eie grond besit het nie, was hy vasbeslote om hierdie droom te realiseer. Nadat hy sy studies aan Grootfontein



Pluktyd op Dasberg Boerdery.



Die canola staan goudgeel op Dasberg Boerdery.



Landbou-kollege in Middelburg (Oos-Kaap) voltooi het, keer hy terug huistoe. In 1992 kon Schalk 60% van die koopprys van 'n plaas buite Riversonderend neersit en met sy pa se finansiële ondersteuning, dra sy pa die res by. Die bewustheid van grondbesit en die kennis oor hoe om dit op sy eie plaas toe te voeg, was 'n droom wat uiteindelik waar geword het. So het die begeerte om ander te help om ook grond te besit, kort daarna gevolg. In November 2014 ontnooet hy vir Gerrit van Vuuren, die skepper van die PALS-konsep by Wes-Kaapse Departement van Landbou se Grond Indaba. Die PALS-driepoot-raamwerk het Schalk soos 'n handskoen gepas.

Dit was in 2015 dat Schalk se nuwe besigheid, Dasberg Boerdery geregistreer is. Schalk besit 49% aandele en Kipara Farming, 'n 100% swart bemagtigingsmaatskappy, 51% aandele. 'n Maklike pad was dit beslis nie. Daar was baie uitdagings soos kapitaalwinsbelasting, financiering, impakstudies en 'n waterlisensie wat die besigheid in die gesig gestaan het. Met die hulp van PALS is die plaas Van der Wattskraal in Februarie 2019 in die naam van Dasberg Boerdery geregistreer.

Die bestaansreg van PALS is die betrokkenheid by die bou van 'n volhoubare, meer inklusiewe- en veiliger landbougemeenskap. Dit is belangrik dat die verhouding tussen suksesvolle bestaande- en opkomende boere groei met die doel dat werkskepping, voedselsekuriteit, rentmeesterskap en sosiale harmonie, bevorder word. PALS is 'n inskusiewe inisiatief waarby die groter gemeenskap baat kan vind en by landbougerigte projekte betrokke kan raak. Nes die driepootpotjie is PALS 'n instrument om ons mense te voed.

Om ook deel van die PALS-wenspan te word, kontak 023 312 3152 of epos admin@sapals.co.za  
Besoek ook ons webtuiste [www.sapals.co.za](http://www.sapals.co.za)

- Gerrit Rautenbach  
Redakteur van Perspective inside PALS



Schalk Viljoen (Voorsitter), Gershwin Louw (Ondervoorsitter) en Noko Masipa (Onafhanklike Direkteur).



Dasberg Boerdery se sitrusbome staan alles onder beskermende nette.

# SSK PERSONEEL PRESTEER!

Baie geluk aan Rodney Baadjies, Takbestuurder: Knysna Agriland, wat sy B.Com: Ondernemingsbestuur aan Akademia Privaat Hoëronderwysinstelling voltooí het. Menslike Hulpbronne Beampte, Albertia Brandt (Mosselbaai) en Betinia Windvogel (Swellendam) het in Oktober 2024 beide hul SA Board For People Practices lidmaatskap-akkreditasies verwerf.



Francois Loots (Hoofbestuurder: Kommersieel) wens Rodney Baadjies geluk met sy kwalifikasie.



Adv. Leon Claassen (Bestuurder: Arbeidsverhoudinge, Menslike Hulpbronne) wens Albertia Brandt geluk met haar prestasie.



Alwyn Burger (Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronne) wens Betinia Windvogel geluk op haar prestasie.

## AGBIZ GRAIN SHEQ PRETORIA

Mariska Malan, SSK Beroepsgesondheid- en veiligheidskoördineerde en Adv. Leon Claassen, Bestuurder: Arbeidsverhoudinge, Menslike Hulpbronne, het in November 2024 die AGBIZ Grain Sheq Seminaar in Pretoria, bygewoon.

Beide was deel van paneelbesprekings wat die belang van personeelwelsyn- en veiligheid bespreek het.



Mariska Malan (Beroepsgesondheid- en veiligheidskoördineerde) saam met Adv. Leon Claassen (Bestuurder: Arbeidsverhoudinge, Menslike Hulpbronne).



## LANGDIENS ERKENNING

**30 JAAR:** Linda Jonkerman

**25 JAAR:** Sonja Malherbe

**20 JAAR:** Dewald Meyer, Novelle Manho, Denise Esau, Heindrich Stiglingh en Klein-Jan Paulse

**15 JAAR:** Elisma Klue en Catharina Munnik

**10 JAAR:** Lesinda Willemse, Shaun Conradie, Godwin May, Leonie Kuhn, Onnae Seconds, Albertia Brandt, Nathaniel Grootboom, Yonde Stuurman, Christiaan Meyer, Julius Louw, Mbekiseni Mjalili, Fabian Jonker en Japie Jacobs



Rodney Baadjies, Takbestuurder: Agriland Knysna, wens Linda Jonkerman, Junior Winkelbemarker en kassier, geluk met haar 30 jaar diens.



Emmie Germishuys, Senior Bestuurder: Finansies, wens Sonja Malherbe, Admin Beampte: Krediteure, geluk met haar 25 jaar diens.

# PRAKTISE GRONDGESONDHEID MET NEAL KINSEY

Mnr. Neal Kinsey, een van die wêreld se voorste grondkundiges, het van 5 tot 7 Februarie en 10 tot 12 Februarie, onderskeidelik 'n Inleidende Grondgesondheids- en Gevorderde Grondgesondheidswerkwinkel, eksklusief vir SSK Lede, by Diaz Konferensiesentrum in Mosselbaai, aangebied. Daar is praktiese oorwegings in grondgesondheid bespreek, met die fokus op grondontledings en aanbevelings, sowel as in-diepte gesprekke oor makro- en mikro elemente, voedingstowwe, asook hoe om oormate en tekorte aan te spreek. SSK as hoofborg, asook SOILL en Technifarm as medeborgers, het behoorlik die werkwinkel-bywoners op die hande gedra.

## INLEIDENDE WERKWINKEL



V.l.n.r: Pietman Uys, Neethling Dippenaar, Neal Kinsey, Francois Badenhorst en Villiers van Veen.



SSK Neal Kinsey Inleidende Grondgesondheid-werkwinkel groepfoto.

## GEVORDERDE WERKWINKEL



V.l.n.r: Thys Odendaal, Adriaan Steyn, Johannes Joubert, Neal Kinsey, Dirk van Papendorp, Francois Swanepoel, Villiers van Veen en Thys Streicher.



Almal fokus hard met konsentrasievlake wat hoog is.



SSK Neal Kinsey Gevorderde Grondgesondheid-werkwinkel groepfoto.

Redaksie: Astrid Fisher | Tel: 044 601 1200 | [astrid.fisher@ssk.co.za](mailto:astrid.fisher@ssk.co.za)

Design: Nenane Bester - [infografiac@gmail.com](mailto:infografiac@gmail.com)

Printing: Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspellings, rekening- en transaksie inligting.  
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.